

Notule van Vergadering

Oueraand - 23 Maart 2017

Voorstel van nuwe personeel:

- 1 **Juffrou Lee-Ann Louw (Grondslagfase); en Tracey Maree (Grondslagfase)**

- 2 Alet verduidelik die verskil tussen 'n "naskool" en 'n "kindersentrum". Xcellence poog om eerder 'n "kindersentrum" genoem te word.

- 3 Ons stel aan u bekend al ons "binneshuise" buitemuurse aktiwiteite

* Rugba - Gideon Stander - Woensdae 2 sessies - jnrs en snrs apart

* Drama - Anserie en Mari van Carpe Diem

Anserie en ook Mari het meer verduidelik waarom Carpe Diem gaan en waarop hulle fokus geplaas word.

* Odette Visser (RO) - Sy bied ekstra klasse, nie net vir kinders wat RO benodig nie maar ook vir top presteerders aan. Odette help veral ook met eksamenvoorbereiding

* Tommie Visser (Wiskunde) - 2 x per week bied Mnr Visser ekstra wiskunde aan

* Leessentrum / Arbeidsterapeut - Engela en Madelein werk saam by die Lees- en konsentrasie sentrum. Die program bied gefokusde studie deur gebruik te maak van 'n breinmasjien wat die brein help om op die regte bringolf te kom sodat optimale kognitiewe leer plaas kan vind. Meer oor die leessentrum kan by ontvangs gekry word.

* Dans - Zonica (geen ekstra kostes) elke Vrydag of soos gekommunikeer

* Kitaar - Alet (geen ekstra kostes) elke Vrydag of soos gekommunikeer

- 4 Die belangrikheid van dissipline in ons stapry vanaf Kruinsig is beklemtoon.

Kinders se veiligheid kom eerste en ons gaan nie stout kinders duld in die ry nie.

- 5 Dissipline in die sentrum is van kardinale belang en gaan die gedragskode (wat elke ouer voor teken met inskrywing - verpligtend) afgedwing word.

- 6 Ons "strafproseswet" / Insidentregister - gaan afgedwing word en sal ons op 'n gepaste wyse straf begin uitvoer.

- 7 **Kommunikasie vanaf ouers aan Alet of Zonica**

Tyd van die dag / praatjies - Ouers moet **voor 11h30** elke oggend veranderinge / afwesighede rapporteer. Dit het 'n ongelooflike snow-ball effek as ouers laat veranderinge of ekstra aktiwiteite deurstuur. Dit is onregverdig teenoor die ander kinders. **Buitemuurse programme vir die dag word om 12h00 geprint en gefinaliseer**

Oproepe gedurende "Peak-tyd" - Ouers kan onmoontlik nie tussen 12h30 en 14h30 bel om "goedjies" te bespreek nie. Gedurende hierdie tyd is ons hard besig om seker te maak elke kind is op die regte plek. Indien iets dringends is, stuur 'n boodskap en Alet of Zonica sal terugbel.

Ouers moet asb versigtig wees om gedurende naskooltye wanneer jy jou kind kom haal verniet praatjies te maak met die personeel. Ons is regtig besig met die kinders se huiswerk en aktief besig met elke kind op 'n ander vlak. Indien jy iets wil bespreek, bel gerus of kom drink 'n koffie in die oggend. Elke ouer betaal die premie vir ons om **AL** ons aandag aan die kinders te gee.

1 Boodskap is genoeg - Indien jy 'n boodskap oor 'n spesifieke dag of geleentheid stuur, wees asb gerus dat daar aan die boodskap aandag gegee sal word op daardie dag of sodra daar 'n aantekening gemaak is. Indien jy voel dit is dalk kort voor die geleentheid en jy nog nie bevestiging gekry het dat ek dit wel gesien het nie, voel asb dan vry om my te kontak.

8 n Tipiese dag by Xcellence ???

* Ons gemeenskaplike optelpunt is agter die twee tydelike klasse by die B-rugbyveld

"NOBODY gets left behind" - indien jy nie van my hoor nie, is jou kind veilig. Jy behoort binne 5-7 min na die aangewysde tyd wat ons jou kind moet optel 'n oproep te kry indien hy/sy nie daar is nie. Ons het 'n register en niemand word ooit agtergelaat nie.

Die effek van afwesighede wat nie aangeteken is of aangedui is nie is ongelooflik groot op die res van die kinders. Ons raak "opsoek" en "ophol" oor kinders wat nie gevind kan word nie, en so hou ons almal agter tot ons weet waar daardie kind is.

GEEN instruksies vanaf kinders sal aanvaar word nie. Ouers gaan verantwoordelik gehou word vir onkoste van telefoonoproepe ens indien ons eers moet skakel om "boodskappe" te check. Kinders raak soms deurmekaar en verkeerde instruksies kom by ons uit. En dan neem ouers ons kwalik indien die kind nie op die regte plek is nie.

Etenstye by Xcellence is direk nadat skole uitgekom het. Kos word eenkant gehou vir die kinders met buitemuurs wat eers later by die sentrum arriveer. Indien jy weet jou kind raak honger buiten gewone etenstye, pak asb ekstra kos of snacks in. Ons kan ongelukkig nie die hele dag opskep en skottelgoed was nie. So ook het ons geen beheer oor die hoeveelheid kos wat oor is en wat gehou moet word ens ens nie.

9 Algemeen - Prospektus

* Parkering - Ouers word herinner om voor die blou "cone" te stop asb.

* Siektes - Ouers moet asb nie hulle siek kinders sentrum toe stuur nie. Ons kan nie bekostig om siek te word nie en dit is ook nie regverdig teenoor ander kinders nie.

* Mediese Besonderhede - NB!!!! Maak asb seker ek het almal se besonderhede vir ongevalle.

* Vakansieprogram - die Vakansieprogram sal teen Woensdag, 29ste bekend gemaak word.

* "Lost & Found" - vergeet van boeke ens by naskool - Alet en Zonica gaan nie meer in die oggende kan skooltoe ry om goed wat kinders by naskoolsentrum vergeet het te vat nie. Maak asb seker dat jou kind al sy/haar goed/boeke het as jy hom/haar kom optel in die middag.

* Dae wat Xcellence gesluit sal wees

28 April 2017

LET WEL: ons sluit om 16h00 op 13 April en 26 April 2017

Kultuuraand 2017 - Bobby Van Jaarsveld - 14 Oktober 2017

Kaartjies @ R250

- 10 Xcellence ouers moet steeds deur die website bespreek - www.xcellencekids.co.za
Slegs Xcellence ouers kan bespreek en kaartjies afbetaal, publiek is betaling met bespreking
Ons het slegs 4 VIP tafels oor (R3000 vir 10 sitplekke aan tafel regvoor die verhoog)
Die res van die kaartjies is gewone stoel/sit kaartjies
- 11 Raadsaal Rondomtalie - vir meer inligting, kontak vir Alet